

10/8/55
Stennis SA

gelyksoke 10/8/64

en alles.

Van die A.N.C.? --- Ja want dit is dan een ding.

Op watter stadium het SACTU al die dinge van die A.N.C. op hom geneem? --- Ek sal 'n verduideliking gee. As ek byvoorbeeld 'n assegai in my linkerhand het en in my regterhand 'n byl, en die byl word van my afgeneem, wat het ek nou in my linkerhand oor?

Wat bedoel jy daarmee? --- Byvoorbeeld in my regterhand het ek 'n byl gehad, ons sal sê dit was die A.N.C. Die is nou verban, dit is van my afgeneem, nou het ek nog die assegai in my linkerhand, dit is SACTU. Nou, ek moet dan daarmee vooruitgaan.

Bedoel jy dan sal jy met die assegai baklei? --- Dit is reg.

En as die assegai uit jou hand uit gevat gewees het sou jy dan met die byl baklei? --- Ja.

Is dit 'n manier van beskrywing van die werking van die A.N.C. en SACTU? --- Ek wil dit verduidelik, dit is nie om oorlog daarmee te maak of iemand te beseer nie, dit is vir die twee organisasies om ons bevrediging te kry.

Ja maar sou die SACTU daarna nou byvoorbeeld bewysboekies verbrand? --- Om rede hulle eers verbrand al was?

Ja. --- Om SACTU nou vooruitgaan dat hy dit weer sal verbrand?

Ja. Het jy geweet dat die A.N.C. verbranding van bewysboeke voorgestaan het? --- Ja, ingesluit SACTU ook.

Het SACTU hom vereenselwig met die verbranding van bewysboeke? --- Dit is soos hulle ooreengekom het.

Weet jy dat die A.N.C. organisasie bewysboeke in 1960 verbrand het? --- Ek weet goed.

Weet jy daarvan? --- Ja ek weet goed daarvan.

Weet jy wie die eerste bewysboek verbrand het? ---

--- Die persoon se naam is Luthuli, hy was op daardie

stadium ons hoof.

Die hoof van die A.N.C.? --- Ek wil daar ook mooi verduidelik. Soos ek Luthuli gesien het was hy die leier van altwee die organisasies, die A.N.C. en die SACTU, soos ek dit uitgemaak het, soos ek dit gesien het.

Weet jy of SACTU hom vereenselwig het met die Freedom Charter, dit is bewysstuk "D", 'n voorbeeld van die Freedom Charter. Weet jy van jou eie kennis of SACTU hom vereenselwig het met hierdie Freedom Charter? --- Albei die organisasies, die A.N.C. en SACTU het hierdie voorgestel, albei van hulle.

Ja en wat sal dit van hulle wees? --- Soos ek reeds verduidelik het aan die Hof, ek myself, as dit van my af was ek is 'n lid van die A.N.C. en terselfdertyd is ek 'n lid ook van SACTU. Dit sal moeilik vir my gewees het as die twee organisasies nie saamgestem het nie, om by albei van hulle aan te sluit.

Ja maar as daar nou 'n vergadering is en die woord SACTU word gebruik, is dit nou net 'n SACTU vergadering of 'n A.N.C. vergadering ook? --- Soos ek dit myself sien is dit albei vereenselwig, albei die organisasies, is sover dit my aangaan, een of dit nou 'n SACTU een is of aldan nie, dit is een by my.

Ja maar gaan jy so 'n vergadering 'n A.N.C. vergadering ook noem? --- Kan ek daar ook verduidelik?

Ja. --- Byvoorbeeld as ek nou 'n byeenkoms is van SACTU dan kan niks my verbied of - om dit so uit te druk - ek kan dan van enigiets praat van die A.N.C., want dit is een ding. Daaroor het baie mense nie die verskil verstaan nie, maar dit is nog een ding. Byvoorbeeld die leier van die A.N.C. en die leier van die SACTU is een persoon, hy is vir albei die organisasies.

Was daar enige rekord gehou van die lede van die SACTU? --- Die "Minutes", notule en ook die name en

adresse van die mense wat nou "members" was. Die leier moet dit hê.

Wie is nou die leier wat dit het? --- Daardie wat in die hoofkantoor is.

Johannesburg? --- Ja.

Wie het dit soontoe genseem? --- Byvoorbeeld as ons nou 'n bespreking het dan word dit op skrif gestel en dan word dit gestuur na Johannesburg.

Ja maar as persone nou aansluit by die sogenaamde SACTU, wie skryf sy naam en adres nou af? --- By die hoofkantoor of by my?

By jou, hier in Pretoria? --- Ek sal sê dit is my klerk, wat natuurlik die klerikale werk doen.

En wie was nou die besondere klerk? --- Ek wil nou mooi verduidelik: die persoon wat my skryfwerk vir my doen hier in Pretoria, is Moses Lefe. Alle persone wat aansluit word deur hom, Moses Lefe, neergeskryf en deur hom na Johannesburg gestuur, Soos byvoorbeeld SACTU het sy Streekafdeling hier in Pretoria en ek is die voorsittende beampte daar; die persoon wat die skryfwerk vir my doen, die kantoorwerk, met ander woorde is Makra Phiri. Hoeveel skrywers het ek nou?

Ja ek sien daar is meer as een? --- Dit is reg.

Nou die skryfwerk wat Mara Phiri vir jou gedoen het, waar is dit? --- Makra Phiri skryf nie die name van die lede neer nie.

Wat skryf hy neer? --- Soos byvoorbeeld die Streeksafdeling van Pretoria, ons is 9, as daar nou 'n byeenkoms is; soos byvoorbeeld die Domestic Workers' Union, hulle het ook 'n komitee, dan kom hulle oor met 'n bespreking na die Streeksafdeling, ons 9, toe. Dan bespreek ons daardie hier in Pretoria, deur die Streekafdeling, dan word dit neergeskryf deur Makra Phiri en dit word gestuur deur

hom na Johannesburg.

As 'n vergadering nou belê word, dit maak nie saak wat sy naam genoem word nie, SACTU of A.N.C. nie, jy het nou vertel dit is maar dieselfde ding, wie gee kennis van daardie vergadering? --- Byvoorbeeld daar sal 'n byeenkoms wees by die hoofkantoor dan sal daar 'n boodskap wees dat hier 'n byeenkoms sal wees; dan byvoorbeeld kan die hoofkantoor weer sê dat by hulle 'n byeenkoms sal wees, hulle sal ons in kennis stel dat by hulle 'n ooreenkoms is.

Hoe word julle in kennis gestel van hierdie byeenkomste? --- Byvoorbeeld die klerk van hoofkantoor, dit is sy plig om my skrywer in kennis te stel per brief.

As hy so 'n brief ontvang wat doen hy dan om 'n byeenkoms bymekaar te roep in Pretoria? --- Dan bring hy daardie brief na my toe. Dan stel ek die lede in kennis dat ons moet reël vir 'n byeenkoms, dat ons bymekaar moet kom Byvoorbeeld ek myself of ek stuur een van my mense want ek weet waar hulle almal bly en dan word hulle in kennis gestel dat daar 'n byeenkoms sal wees daar en daar en wanneer en wanneer.

Mondelings? --- Mondelings, van my af mondelings na hulle. Daar het op 'n stadium gebeur dat die mense, die Polisie met ander woorde, beslag gelê het op die briewe wat van die hoofkantoor af na ons kom. Toe het ons gesien dit sal die beste wees om mondelings die dinge te doen en nie meer per brief, om rede die briewe gevind was.

En waar in Pretoria was die vergaderings altyd gehou?
--- Die Streekafdeling van SACTU?

Ja. --- By my huis of by een van my mede-lede se huis.

Was al die vergaderings in verskillende lokasies gehou hier in Pretoria? --- Ja en self in die stad ook.

Ken jy bekende A.N.C. lede wat ook by SACTU aangesluit het? --- Na die A.N.C. verban is, ek het al reeds

verduidelik dat van die klein komitees - hoof ken ek nie --
maar wel van die leiers, soos byvoorbeeld van die hoofkantoor
van Johannesburg, dié ken ek, al 6 beskuldigdes voor die Hof.
Ek sal dit duidelik aan die Hof stel, die klein komitees,
byvoorbeeld as ek nou, as dit 'n byeenkoms van SACTU is
dan sien hulle my daar, dan sien hulle my weer op 'n
byeenkoms van die A.N.C. Nou hulle weet nie wat is wat
nie, daaroor sê ek ken hulle ook nie, hulle sien my dan by
dié organisasie en dan weer by die ander een.

Na die verbanning van die A.N.C.? --- Na die ver-
banning van die A.N.C. is daar baie mense weg wat gearres-
teer is; baie lede van albei organisasies het verdwyn en
hulle self versteek. Daarna as hulle nou weer terugkeer
dan kan jy hulle nie meer onthou, daardie mense, dat hulle
is so en so 'n organisasie was of so nie, want dit was al
'n geruime tyd wat hulle verdwyn het, want hulle was bang
hulls sou gearresteer word. Wat ek wel ken is die by die
hoofkantoor.

Moes lede bydraes lewer tot enige organisasie, SACTU
of A.N.C.? --- As hulle byvoorbeeld kom aansluit?

Ja. --- Vir die eerste keer as hulle wil aansluit?

Ja. --- Ek wil net vra of u vraag is by die eerste
aansluiting of by die tweede aansluiting na die A.N.C.
verban is.

Die eerste een, as 'n persoon aansluit by die A.N.C.? --
--- Ek myself, toe ek aangesluit het, het ek betaal.

Hoeveel? --- 2/6, 25 sent.

Het jy daarna maandelikse bydraes gelewer of nie? --
--- Maandeliks 1/-, 10 sent. En ook by SACT, toe ek daar
aangesluit het het ek ook weer betaal. Op daardie stadium,
daardie tyd was dit 2/1d. maar dit is nou meer, dit is nou op
jy moet nou meer betaal.

Toe jy aansluit by SACTU moes jy 2/1 elke maand betaal? --
-- - Net by die aansluit het ek 2/1 betaal.

Het jy verdere bydraes gelewer elke maand aan SACTU? --
--- 2/- per maand.

Aan SACTU? --- Ja.

Jy betaal 1/- aan A.N.C. en 2/- aan SACTU elke maand wat word van daardie geld? --- Sover ek weet, bewysstuk "D", daardie gelde word gebruik om bewysstuk "D" te druk, en ook om stencils te koop en ook om die nodige dokumente te betaal as ons die mense in kennis stel, en byvoorbeeld as ek nou die geld neem vanaf Pretoria na Johannesburg, kan ek van daardie geld gebruik vir my reiskaartjie. Byvoorbeeld as ek nou Johannesburg toe gaan en ek ry op my eie, in Johannesburg vat hulle die kaartjie nommer van my en die bedrag wat ek dan betaal het word aan my teruggegee.

Maak dit saak of dit dan SACTU of A.N.C. kollekte is? --- Ek het nog nie so mooi geweet wat doen hulle, of hoe hulle te werk gaan met die gelde wat ingesamel word van die A.N.C. nie, maar sover dit my aangaan, sover ek dink word dit vir dieselfde doel gebruik as vir die SACTU.

Ja maar kyk ek wil weet, daar is nou geld ontvang van lede van SACTU, daar is ook geld ontvang van lede van A.N.C., was die gelde apart gehou of was dit saam in een sak gegooi? --- Dit word bymekaar gesit, maar as dit na die hoofkantoor, na Johannesburg geneem word, dan is dit op papier hoeveel daar van die organisasie en hoeveel van die ander organisasie, en dan as dit daar kom dan weet die hoofkantoor, hulle werk, hulle weet wat om met daardie geld te doen, hoeveel uit te sit, vir dit of vir dat.

Gaan al die gelde na dieselfde kantoor? --- Daar was twee kantore maar in dieselfde gebou, een onder en die een bo. Daar kan ek ook nie sê nie, want dit is die persone, ek sal maar sê ons leiers was ook van die A.N.C. en ook van die SACTU, net presies soos ek.

As 'n lid nou vir 'n maand of twee agterstallig raak met sy bydrae word hy nog beskou as 'n lid van enige van die organisasies? --- Ek as leier, dit is my plig om na hom te gaan en hom te vra "hoekom is jy agterstallig, hoekom

betaal jy nie jou bydrae wat jy moet betaal nie".

En as hy nou ophou om bydrae te betaal? --- Dit hang nou, byvoorbeeld as ek na hom toe gaan, na die persoon toe en hy sê vir my, altans ek vra hom eers "hoekom betaal jy nie jou maandelikse premies nie", dan kan hy aan my 'n verduideliking gee wat is die rede, hoekom hy dit nie gedoen het nie, daardie word dan na die hoofkantoor gestuur.

Maar as iemand nou net ophou met betaal en hy gaan gladnie meer voort nie, word hy dan nog beskou as 'n lid of nie? --- As die Hof my dit sal gun kan ek dit aan die Hof verduidelik: daar is baie mense wat van die afdeling is, baie; daar is ook baie wat bang is dat hulle sal gearresteer word deur die Polisie; ons leiers se harte is seer, maar ons dink darem nog daardie man sal darem nog kom, ons is nie kwaad vir hom nie en dit is ook nie in ons om hom weg te jaag nie, soos byvoorbeeld as hy nou nie werk nie, hy het nie geld nie, dan kan hy nie kom betaal nie.

Bly hy dan nog 'n lid? --- Ja, sover dit dan ons aangaan as leiers, as voorsittende beamptes, is hy nog 'n lid, om rede hy kan nie daardie bydrae bekostig nie.

Het jy enige bydraes ontvang van enige van die beskuldigdes voor die Hof? --- Nee.

Wat was beskuldigde No. 1 van die A.N.C. voordat hy oorgekom het na SACTU? --- Voordat hy?

Jy het gesê al die beskuldigdes voor die Hof het as A.N.C. lede oorgekom na SACTU, watter posisie het beskuldigde No. 1 by A.N.C. gehad? --- Ek het alreeds verduidelik dat beskuldigde 1 het gelde van my ontvang en na Johannesburg geneem maar toe was die Streekafdeling nog nie gestig in Pretoria nie.

Verwys jy nou na die Streekafdeling van die A.N.C.? --- Nee, SACTU.

Ek wil weet van jou of beskuldigde No. 1 enige besondere posisie by die A.N.C. beklee het? --- Hy was die voorsitter

van die A.N.C., Pretoria.

Kyk daar is lokasies soos Atteridgeville en Lady Selborne en so aan, was daar miskien onderskeie takke van die A.N.C. by elke lokasie? --- Ek dra nie sulke goeie kennis of daar wel in ander lokasies takke was nie, maar die een wat ek goed kennis van dra is die een in Lady Selborne, toe was ek onder beskuldigde No. 1, ek was in ander woorde, sy onderdaan gewees, hy was hoër as ek.

En was hy die voorsitter daar by Lady Selborne? --
--- Ja maar soos ek dit insien was hy die voorsittende beampte van al die lokasies, hier in Pretoria, want die tak by Lady Selborne se werk was om alle verrigtinge wat in Johannesburg gebeur na hulle te kry. Alle verrigtinge is gestuur vanaf Johannesburg na Lady Selborne en van Lady Selborne na Johannesburg. En die tak by Lady Selborne het alle verrigtinge weer na die ander lokasies in die dorp gestuur en ook selfs ook in die stad.

Na watter dinge verwys jy wat Lady Selborne na ander takke gestuur het? --- Byvoorbeeld as daar nou 'n groot byeenkoms gaan wees. Daar word notas uitgeskrywe en na die verskillende lokasies toe uitgestuur wat hulle sal verwittig dat op so en so 'n dag 'n byeenkoms sal wees en ook waar.

Is jy bekend met die sogenaamde Volunteer Corps? ---
--- Op daardie tyd was ek nog nie wat ek nou is nie, ek was net 'n gewone lid gewees.

Van die Volunteer Corps? --- Nee nie van die Volunteer Corps nie, van die A.N.C.

Ek vra nou van die Volunteer Corps, of jy enigiets van die Volunteer Corps weet? --- Nee, ek het net gesien maar ek weet niks van hulle af nie.

Wat het jy gesien van die Volunteer Corps? --- Ek het gesien hulle het uniforms aan.

Kyk na bewysstuk "E"? -- Dit is reg.

Dit is 'n foto van wat? --- Ek sien hierdie foto,

die persoon in die voorste ry, in die middel is beskuldigde No. 1.

En die drag wat hulle aan het, wat se soort drag is dit? --- Dit is die Volunteer uniform.

Wat ons noem die Volunteer Corps? --- Ja.

Kan jy volgens bewysstuk "E", die foto, vasstel wie die leier is van die optog daar? --- Die persone almal hier op die foto, soos hulle hier staan?

Ja, kan jy 'n leier bepaal, of daar 'n leier is? ---
--- Van die Volunteer Corps?

Ja. --- Dit is beskuldigde No. 1, die persoon in die middel in die voorste ry.

Is daar enige ander persone daar wat aan jou bekend is? --- Nee, sover ek die foto sien is net beskuldigde No. 1.

Jy sê jy het gesien van die Volunteer Corps, wat is dit wat jy gesien het van die Volunteer Corps, behalwe nou hierdie foto? --- Wil u geweet het wat hulle doen?

Waar het jy dit gesien, en wat hulle doen en wanneer was dit? --- Sover ek weet, toe ek na die byeenkomste toe gegaan het van die A.N.O., ek was toe alreeds 'n lid van die A.N.C., byvoorbeeld ons is nou by 'n byeenkoms, ons is nou almal daar bymekaar, sover ek weet is die pligte van die Volunteer Corps dat hulle rondom ons staan daar waar die byeenkoms is. Ek as lid het daar gevra "wat is die rede, hoekom staan daardie mense dan so rondom ons" dit is die Volunteer Corps nou. Byvoorbeeld as daar nou 'n persoon is onder die byeenkoms, en hy is gedrink, dan kan hy sonner daar ons verlaat en na die Polisie gaan.

Het die Volunteer Corps slegs A.N.C. vergaderings bygewoon? --- Nee, by die byeenkomste by SACTU was hulle ook gewees. As hulle ook daar kom dan het hulle nog nie uniforms aan nie maar dan weet hulle nog hulle pligte om die mense te keer as hulle byvoorbeeld gedrink is en dan uit

die gemeente uit te gaan en dan stappe teen ons te gaan doen. Dit is, sover ek weet, wat hulle pligte is.

Jy, as voorsitter van SACTU, was jy op enige stadium toegelaat as 'n spreker by A.N.C. vergaderings? --- Op daardie tyd toe die A.N.C. verban is was ek nog nie die voorsitter nie, maar ek het wel baie die byeenkomste van die A.N.C. toegespreek.

Jy as voorsitter van SACTU? --- Op daardie stadium was ek nog nie die voorsittende beampte van SACTU nie, ek was net 'n lid van SACTU, van albei, SACTU en A.N.C.

Na die verbanning van die A.N.C. daar in April 1960 hoeveel vergaderings het jy van die A.N.C. bygewoon, wat jy toegespreek het - jy as lid van SACTU, het jy nou A.N.C. vergaderings toegespreek? --- Nee hoe kon ek hy het dan toe nie bestaan nie, hy is verban.

By die vergaderings wat jy nou sê waar die Volunteer Corps was, was daar enige Polisie ook daarby? --- Ja al die plekke.

Wat jy van weet? --- Sover ek weet het ek hulle by al die plekke gesien hulle het daar gesit in die byeenkomste. By die SACTU se byeenkomste was die Polisie ook teenwoordig.

Weet jy hoekom julle nie die Polisie gevra het om die werk te doen as daar mense is wat moeilikheid maak op die vergaderings? --- Dit kan ek nie sê nie want dit is gereël deur die hoofkantoor om daardie mense te huur, ek kan nie sê wat die rede daarvoor is nie, want ek was self nie een van hulle gewes nie, so ek kan nie sê nie.

Weet jy iets van die sogenaamde "Ban on Potatoes", bewysstuk "I"? --- Ja ek sien dit, ek onthou dit.

Wat dink jy van die "Ban on Potatoes"? --- Wel dit staan hier dat ertappels nie geëet word nie.

Deur wie is die verbod voorgestel? --- Wil u weet deur watter kantoor is hierdie bewysstuk gedoen?

Het die SACTU iets te doen gehad met die "Ban on Potatoes"? --- Ek was 'n lid van albei maar daardie tyd

het ek nie ertappels geëet nie.

Ja maar weet jy of daar 'n aparte kantoor was, dat die SACTU se aparte kantoor miskien gesê het die bewysstuk moet gedruk word? --- Ek vra of ek in hierdie verband ook 'n verduideliking kan gee aan die Hof?

Ja. --- Toe die papier nou te voorskyn gekom het, dis bewysstuk "J", dit is reeds toe dat die leiers dinge gehoor het, die mense het gekla, hulle is nie tevrede nie, hulle het gekla, hulle het gesê hulle kinders word gevang vir paste dan kom hulle hier na die Bantoe-kommissaris, dan word hulle hiervandaan, na hulle gevonnissen is, gestuur Bethal toe, Brits toe ens. en daar gaan werk hulle vir ertappels. 'n Familielid van my is ook op die manier behandel, hy is ook verkoop; toe is daar ondersoek ingestel hoe word daar gewerk met hierdie ertappel besigheid. Daar is toe ondersoek ingestel en gevind dat dit baie sleg gaan met die kinders van ons, daar is voormanne en hulle behandel die kinders baie sleg, toe is die bewysstuk "J" deur ons hoofkantoor gedruk om dit te adverteer en dan na die owerhede te gaan en dit voor die owerhede te gaan voorlê hoe die kinders behandel word. Sover dit in my kennis strek is hierdie uitgereik deur die A.N.C. maar toe is dit nog maar dieselfde as die SACTU want dit is een ding. En daarna is baie Blankes Howe toe gebring en gewaarsku vir die behandeling wat hulle op ons kinders toedien.

Watter Drukkers het hierdie bewysstuk "J" uitgereik? ---
--- Hierdie is behartig deur die A.N.C.

Het hulle 'n drukkery op hulle eie? --- Ja die tikmasjiene.

En die sogenaamde SACTU, het hulle 'n aparte drukkery gehad of nie? --- Ja hulle het dit ook, hulle kan ook dieselfde as die bewysstuk "J" nou voor die Hof, kan hulle ook druk.

Met ander masjiene as wat die A.N.C. het? --- Elke

masjien kan gebruik word, vir drukwerk wat benodig word.

Het jy iemand met die naam van Morris Matsomele geken? --- Ek ken hom.

Was hy 'n lid van SACTU gewees? --- Sover as my kennis strek was hy ook 'n lid by die Hospitaal-afdeling.

Is dit 'n onder-komitee? --- Ek kan nie sê nie maar sover ek weet was hy 'n lid en hy het ook die kaartjie gehad.

Van wanneer tot wanneer was hy lid? --- Ek kan nie sê nie, sover ek kan sê kan hy heel moontlik nou nog 'n lid wees.

Weet jy wanneer hy aangesluit het? --- Nee.

Beskuldigde No. 5, was hy 'n lid van SACTU? --- Ja, as ek nie verkeerd is nie, van die Shops and Offices.

Weet jy of hy gearresteer was in die noodtoestand van 1960? --- Ja gearresteer en opgesluit in 1960.

En na sy arrestasie het hy nog voortgegaan om lid te bly van SACTU? --- Na die arrestasie, 1960?

Ja. --- Ja daarna het ek nog gesien hy is 'n lid.

Weet jy tot wanneer hy lid gebly het? --- Ek kan nie sê nie want ek het hom gevra hoekom kom hy nie sy maandelikse paalemente betaal soos dit behoort te wees nie.

Wanneer het jy hom dit gevra? --- Ek is nie so baie seker meer nie of dit in die begin - soos die getuie sê ploegtyd - nou dit is die begin van 1961 of 1962.

Wanneer laaste het hy 'n bydrae gelewer? --- Ek het alreeds verduidelik dat die komitees verskillende komitees is.

Weet jy tot wanneer hy bydraes gelewer het? --- Dit moet ongeveer die begin van 1962 wees.

Beskuldigde No. 6, was hy 'n lid van die SACTU gewees? --- Ek kan nie met sekerheid sê nie.

As hy 'n lid was sou jy enige rekord daarvan gehad het dat hy vergaderings bygewoon het of komitees? --- Ek het hom op verskeie byeenkomste van ons gesien, maar dit is

nou verskillende klein komitees en ek kan nie sê aan watter komitee of hoe nie.

Waar en wanneer was dit gewees? --- Dit was by Eastwood en dit was 'n byeenkoms wat ek bymekaar geroep het.

Wanneer was dit gewees? --- Ek kan nie meer so goed onthou nie maar dit was min of meer die tyd toe daar gepraat is in die Parlement van die Sabotasie. Toe het ons nou bang geword vir die dinge.

Is dit nou hierdie jaar of verlede jaar? --- Ek kan nie met sekerheid sê of dit vanjaar is of laasjaar nie.

Weet jy of dit voor laasjaar was? --- Ek sal sê as dit 1962 was dan was dit daar teen die einde van 1962.

Hoe het dit gekom dat beskuldigde No. 6 daar was? ---
--- By die byeenkoms?

Ja. --- Sover ek weet was hy 'n lid van ons grootkoppe, daaroor het ek hom daar gesien, hy het maar soontoe gekom.

Maar was hy in kennis gestel of hoe het hy geweet van die vergadering? --- Ek het hierdie, dit is bewysstuk "J" die dokumente, pamflette, het ek uitgestuur en die byeenkoms gereël.

Maar die bewysstuk "J" is 'n kennisgewing "Ban on Potatoes"? --- Ja, nie bewysstuk "J" nie maar 'n soortgelyke gedrukte dokument, is uitgestuur en gereël dat daar 'n byeenkoms sal wees.

Wat het die dokument gesê wat julle uitgestuur het? --- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar wat ek wel onthou is, ek het gesê "Medewerkers, daar sal 'n byeenkoms wees, kom laat ons die dinge kan bespreek wat daar in die Parlement aangaan. Al die mense kan hoor wat aangaan.

Wie het die kennisgewing gedruk? --- My klerk het dit gedruk by my kantoor hier in Marabastad. Ons het 'n masjien in Prinsloostraat gaan kry om dit vir ons af te rol. Dit was in die kantoor van die Liberale Party.

Wie was die persoon wat dit aan julle verstrek het, die

masjien? --- Ek weet nie of die Hof my sal toelaat om die persoon se naam te gee nie.

Ja? --- Miss Haine.

Is dit mevr. Haine? --- Ja. Dit sê ek op my verantwoordelikheid.

Weet jy dat sy onlangs beperk is? --- Ek weet ja.

DEUR HOF: Hoekom sê jy dit is jou verantwoordelikheid as jy haar naam noem - jy het eers verlof gevra om haar naam te noem, toe sê jy "dit is my verantwoordelikheid dat ek haar naam noem"? --- Dit is reg, die Hof het toe ingestem, ek het toe die naam gegee; toe het ek bedoel dat die dokumente wat toe gedruk is, deur my laat druk is om die byenkoms wat ek gereël het, die mense dit van my hoor.

ETENSUUR VERDAGING.

HOF HERVAT:

GETUIE NOG ONDER EED:

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER (Voortgesit): Hoekom het jy na mevr. Haine gegaan om die gedrukte goed te kry daar? ---
--- Om rede ons hier in Pretoria in ons kantore nie so 'n masjien gehad het nie.

Hoe het jy geweet dat sy 'n masjien het? --- Ek het daar verbygegaan en ek het hom daar gesien.

Het die Liberale Party enige samewerking gehad met SACTU of A.N.C.? --- Sekere soorte werk het ons saam gewerk ja.

In watter opsig het die Liberale Party dan saam met julle gewerk? --- By help van gelde en administrasie.

Wat van die gelde? --- Soos byvoorbeeld ons leiers gearresteer is soos nou dan word daar hulp verleen.

Wie voorsien dan die fondse? --- By die Liberale Party.

Gee die Liberale Party ook finansiële bystand vir sulke dinge? --- Ja daar word ons hulp verleen deur hulle want deur die swaarkry van ons en so aan.

Weet jy ook iets van die "Stay-at-home" beweging hier in Pretoria? --- Daar is 'n hele paar van die "Stay-at-home" watter een bedoel u?

Wanneer was die eerste Stay-at-home gewees? --- Ek kan nie meer so baie goed onthou nie maar sover ek kan onthou is dit die tyd met die staking van die busse.

Watter jaar was dit? --- -- 1957.

Weet jy wanneer die Republiek tot stand gekom het? -- --- Ek is nie baie seker of dit 1961 of 1962 is nie maar ek weet dit was die einde Mei.

Ja Mei 1961. Was daar toe enige beweging van Stay-at-home tussen julle toe gewees? --- Toe het ek gesien toe ek opgesluit was in die tronk, Pretoria tronk vir 12 dae.

Wat het jy gesien van die Stay-at-home? --- Ek bedoel ek het niks daar gesien nie, ek was toegesluit.

Die Sabotage Bill van 1962 het dit enige uitwerking gehad op SACTU? --- Bedoel u wat het hy daar "interfere" met SACTU?

Ja het dit enige invloed op SACTU gehad? --- Ek het alreeds aan die Hof verduidelik dat die twee organisasies vir een doel is.

Hierdie een organisasie wat jy sê wat nou een is, het die Sabotage Bill enige invloed daarop gehad? --- Meen u in verband met die organisasie SACTU?

In verband met die organisasie SACTU of A.N.C. wat ookal? --- Ek sal sê hy het ons gepla, oor die algemeen.

Ja maar het dit teweeggebring dat julle lede verminder word of vermeerder word? --- Dit het baie mense laat die organisasie verminder, hulle het sommer weggeraak, verdwyn.

En weet jy van die Mandele-verhoor in Oktober 1962, Nelson Mandele, was hy aan jou bekend? --- Toe hy in die Hof was of wat?

Ja, toe hy hier in Pretoria in die Hof was? --- Ja? Nelson Mandele, was hy aan jou bekend? --- Ja hy

Jan 8th. Meeting

is 'n groot man, ek ken hom.

Van watter organisasie? --- Ek sal sê SACTU. NB

Die Mandele-verhoor, het dit enige invloed op SACTU beweging gehad? --- Ja.

Weet jy dat Poqo's, sogenaamde Poqo's, in 1963 gearresteer was in Pretoria? --- Ek het dit in die koerante gesien ja.

Het dit enige uitwerking op julle organisasie gehad? --- Ek kan nie sê vir andere nie maar myself, het ek nie saamgestem, was ek nie tevrede op die manier wat hulle sou gewerk het nie, die Poqo.

Het Poqo enige verband gehad met die A.N.C. of SACTU? --- Nee.

Was jy populêr onder die lede van die SACTU of het hulle nie van jou gehou nie? --- Ek sal sê ek was 'n persoon, hulle het baie van my gehou want ek het daar my bes probeer vir hulle.

Sou jy sê jy het 'n groot aanhang gehad onder hulle of net tot 'n minder mate? --- Ek sal sê ek was hoog in tel by hulle.

Ken jy vir Petrus Matuang? --- Ja.

Onthou jy kort voor Mandele gearresteer was dat hy na jou gekom het, dis daar in Augustus 1962? --- Ja. (2)

En hy het toe 'n sekere rapport aan jou gemaak? --- Ja.

As gevolg van die rapport het jy die eersvolgende Saterdagmiddag na 'n plek te Skinnerstraat in Pretoria gegaan? --- Hy het my die plek gaan uitwys.

Watter plek was dit gewees? --- Dit is net as jy Paul Krugerstraat oorgaan, daar is 'n opening daar, 'n kaal erf, ons was daar.

Wie het almal daar bymekaar gekom? --- Toe ek daar gekom het, die persone wat ek daar gevind het is vier van die beskuldigdes wat hier nou in die Hof is.

Noem die nommers? --- No. (2), (3), (4) en (6).

Het jy met hulle gepraat, hoekom dat julle nou daar is? --- Ja ons het toe daar gaan sit.

Was daar stoele? --- Nee, daar was nie stoele nie ons het op die grond gesit.

Hoeveel was julle altesaam, behalwe die 4 beskuldigdes?
--- Wat ek kan onthou is Matuang en Lefe - ek dink dit is al daardie.

Jy natuurlik ingesluit? --- Ja ek.

Was daar enige persone wat toesprake gelewer het daar? --- Ja, Nchabaleng, beskuldigde No. 3 het daar gepraat.

Wat het hy gepraat? --- Ons het daar gepraat oor die dinge van die 90-dae - ek is jammer Edelagbare, dit is van sabotasioe wat ons daar gepraat het.

Vertel ons eers wat het beskuldigde No. 3 gepraat daar? --- No. 3 het gesê "ons het nou vandag hier bymekaar gekom en ons sal praat oor die dinge van SACTU waarvan ek ook nou die hoogste is onder hulle".

Het hy verwys na hom wat die hoogste is, of na wie het hy verwys? --- Nee, na my, as die hoogste. Ek het ook terug geantwoord.

Wat het hy nou alles gepraat? --- Die dinge wat ons dinge van ons wou graag gehad het, soos byvoorbeeld die bevrediging van beter behandeling ens. nou nie meer ons kan vooruit laat gaan nie omrede die Sabotasioe besigheid wat gebeur het dit nou heeltemal teruggooi. En ook om rede ons leiers ook verban is en ons nou in die donker sit, ons kan nou niks doen nie. Ons het daardie dinge daar gepraat.

En was daar 'n komitee gekies of was julle nou beskou as 'n komitee wat daar was? --- Ons was self as 'n komitee daar gewees.

Het jy vir Nchabeleng gevra wat se soort komitee dit is, beskuldigde No. 3? --- Ek het hom gevra.

Wat sê hy toe? --- Hy het toe gesê dat ons nou iets anders moet vorm om ons dinge wat ons graag wil hê en begeer en regmaak, kan probeer vooruit kry, dat ons dit kan regkry. En ook dat die organisasie SACTU nie verbode

is deur die Staat nie, dat dit nog bestaan en dit ook nie onwettig is nie. En ook dat ons met die hoofkantoor van ons in verbinding moet tree dat daar pamflette moet uitgestuur kom na Pretoria waar ons kan reël waar ons dan 'n publieke byeenkoms kan hê.

Maar het hy vir jou gesê wat is dit wat julle nou vorm daar, wat se komitee? --- Terwyl ons nou daar sit, ons is nou almal manne van die Kongresse, ons bespreek dinge wat ons nou daar kan oor dink.

Ja maar wie het gesê julle is nou manne van die Kongres? --- Ek kan nie meer so goed onthou wie die persoon was wat daar die praatwerk gedoen het, of dit een van my medemenses is, van die beskuldigdes, kan ek nie sê nie, ek kan nie meer onthou nie.

Weet jy van die Congress Alliance? --- Sover ek weet daarvan af is dit nou manne soos ek wat ook ons reg en regverdigheid wil hê.

Ja maar ek wil net weet of hierdie Congress wat daar genoem was, of dit die Congress Alliance was en of dit 'n ander soort Congress was? --- Dit was 'n Congress Alliance wat ons daar gehou het.

Hoe het jy dit geweet? --- Het ek geweet dat as daardie byeenkoms 'n Sactu byeenkoms sou gewees het dan sou ek die persoon gewees het wat daardie byeenkoms sou gereël het.

As jy dit gereël het sou dit 'n SACTU vergadering gewees het? --- Dan sou daar nie een gewees het nie as ek dit nie bymekaar geroep het nie.

Bedoel jy daarmee dit was nie 'n SACTU vergadering nie of wat bedoel jy daarmee? --- Dit was 'n byeenkoms vir Congress Alliance.

Nie 'n SACTU nie? --- Nie 'n SACTU nie.

Hoe het dit toe gekom dat dit Congress Alliance is? --- Daar sal ek nie weet nie.

Weet jy wie die naam uitgedink het? --- Dit was al

'n tydjie wat ek daardie naam ken.

Hoe lank het jy die naam geken voor hierdie dag? --
--- Nog voordat die African Congress verban is was daardie naam al in bespreking gewees, voor dit onwettig verklaar is het ek al daardie naam gehoor.

Weet jy hoekom dat die naam Congress Alliance bespreek was? --- Sover as ek dit verstaan by myself is dit om saam te werk vir ons regte en geregtigheid as van die A.N.C. dan is dit vir ons ook min of meer dieselfde as wat ons werk vir ons regte.

Vir dieselfde dinge as wat die A.N.C. voor gestaan het?
--- Ja soos ons dit nou gevat het, is dit min of meer dieselfde as die A.N.C.

Was dit ook vir die vryheid van die Bantoes? --- Ja.
Sou die lede van die destydse A.N.C. enige belang in hierdie Congress Alliance gehad het? --- Wel soos ek dit gevat het sou ek sê hulle ook, die andere.

Ja maar die lede van die A.N.C. op 'n stadium toe die A.N.C. nou verban is, sou daardie lede outomaties lede geword het van die Congress Alliance? --- Ek het alreeds aan die Hof verduidelik dit is een ding, alles stel in beter voorwaardes en dit vir die Bantoe bevolking.

So die A.N.C. en die Congress Alliance is een ding?
--- Ja en SACTU ook.

Maar die Congress Alliance sou dit ook nie besluit het oor sekere regte van Indiërs en Kleurlinge nie? --- Blankes ingesluit ook.

Het beskuldigde No. 3 vir jou gesê hoekom jy ook nou gekies word op hierdie Komitee? --- Ja want hy het vir my geken as 'n man wat my bes probeer het vir meer voorregte.

Sou daar ook fondse ingesamel word in hierdie Congress Alliance? --- Ja as daar geld kon verkry geword het sou dit welkom gewees het.

Wie moes daardie invordering gedoen het en wat was die bedrag? -- Die bedrag was 25 sent maar dit was maar baie

swaar gewees om die gelde ingevorder te kry want die lede het baie uitmekaar gegaan, en dieselfde soos met SACTU, die lede het net so uitmekaar gegaan.

Moes daar 25 sent per maand betaal gewees het deur persone? --- Dit was verkieslik dat hulle maandelikse bedrae van 2/6 betaal het.

As persone bydraes lewer word daar 'n kwitansie aan hulle uitgereik? --- Aan die persoon self word nie 'n kwitansie uitgereik nie maar dit word wel by naam neergeskryf dat hy betaal het.

Ek wil hê jy moet kyk na 'n boekie, bewysstuk "P"? --- Dit is 'n boekie van Congress Alliance.

Wat se boekie is dit van Congress Alliance? --- Die boekie bewysstuk "P", ons het besluit om dit so te laat doen, die persone wat ons die bedrag betaal hulle kan sien dat ons hulle nie bedrieg nie en hulle geld van hulle vat sonder dat dit net mondelings gebeur nie, hulle moet sien daar is bewys, maar dit is nie elke maand nie, hierdie het net uitgekom deur hulp te vra.

Die bedrag wat op die teenblad van die boekie verskyn? --- Dis 10 sent, dit is wat daar geskryf is.

Ek wil hê jy moet kyk na die handskrif in die boekie is dit aan jou bekend? --- Hier is verskillende handskrifte op hierdie bewysstuk.

Is daar enige persoon se handskrif wat jy in hierdie boekie ken? --- Nee.

En die eerste naam wat daar op die eerste blaadjie verskyn? --- Ek dink dit is Petrus Nchabaleng want daar staan P. Nchabaleng. Ek is nie seker of dit hierdie een is nie.

Behalwe die algemene gepraat by die byeenkoms, was dit slegs beskuldigde No. 3 wat toesprake daar gehou het? --- Ons

almal het daar gepraat want ons almal was by die byeenkoms, as byvoorbeeld een praat dan antwoord die ander een hom en so het dit aangegaan.

Was enige doelstellings en oogmerke van die verbande A.N.C. daar bespreek by die byeenkoms? --- Ja hy is daar ook bespreek en ook by SACTU.

Was daar enigsins gepraat van oorlog by hierdie vergadering? --- Nee.

Was daar miskien gepraat van soldate? --- Nee.

Was daar gepraat dat die Regering nie Vryheid wil gee aan mense nie? --- Ja daardie ooreenkoms was daaroor gepraat, daardie byeenkoms wat ons daar gehad het, dit was reeds die doel wat ons daar oor gepraat het dat ons nie die voorregte gekry het nie. Ek self het ook gepraat.

Behalwe jy, weet jy of enige van die beskuldigdes daarvan gepraat het? --- Ek sal sê almal van ons het oor daardie ding gepraat.

Was daar enige voorstelle gemaak in verband met hoe die vryheid sou kom indien die Regering dit nie wil gee nie? --- Ja ons het dit daar besluit om dit oor te dra aan ons leiers by die hoofkantoor en hulle dan, op hulle beurt, sal dit weer oordra aan die Minister.

Was daar toe bekende leiers in die Congress Alliance gewees? --- By die hoofkantoor?

Nee op enige plek, hier in Pretoria? --- In Pretoria, was ek self een.

Behalwe jy was daar enige ander bekende leiers gewees? --- Nee.

DEUR DIE HOF: Aan watter leiers het julle dan oorgedra, aan watter leiers sou julle hierdie versoek oorgedra het?

--- Na ons leiers in Johannesburg, daar na die hoofkantoor.

Watter kantoor? --- Van SACTU.

Was daar 'n besondere persoon wat as voorsitter opgetree het by die vergadering? --- Beskuldigde No. 3 was die voorsitter.

NIB

Was daar aangedui as daar geld gekollekteer word in watter naam die geld gekollekteer moet word? --- Wat ons dan sou verrig het met die geld?

As jy nou na 'n man toe gaan dan sê jy vir hom jy kollekteer vir jou skool? --- Ek myself, gelde wat ek gekollekteer het, het ek vir die persone gesê dit is vir ons mense wat hulle gestuur het na Robbin Eiland en na ander plekke, en ook vir diewat in die tronk is.

Watter mense van jou was toe in Robbin Eiland gewees? --- Wanneer bedoel u nou want daar is al van die leiers gestuur, van ons voorsitters gestuur na Robbin Eiland.

Ja maar jy sê jy het vir die mense gesê jy kollekteer vir die mense by Robbin Eiland, wat se mense was dit? -- --- Wat ek kan onthou is Robert Sobukwe en kapteine nog hier van Mangato, andere is na Kaapstad toe geneem, party hier in Hammanskraal.

Die mense wat op Robbin Eiland was, was hulle in die gevangenis daar? --- Ja dit is wat gearresteer was.

Was Robert Sobukwe 'n P.A.C. lid? --- Ja.

Hoe sou jou fondse vir hom behulpsaam gewees het terwyl hy in die gevangenis sit daar? --- Die gelde word na ons hoofkantoor gestuur dan word dit gebruik - die hofkantoor besluit om daardie geld te gebruik vir die kindertjies en die weduwees wat agtergebly het.

Daar op die vergadering, was daar aangedui as julle uitgaan om te kollekteer of julle sekere mense se name moet noem of vergaderings se name moet noem? --- Die leiers, soos ek nou, gaan kollekteer, dan weet ek vir wie en vir wat ek gaan kollekteer.

Antwoord net vir my ja of nee. Daar op die vergadering toe daar gesê is daar moet nou gekollekteer word, was daar gesê "Kyk as jy kollekteer dan noem jy die Congress Alliance se naam of enige ander naam? --- Congress Alliance moet die naam gebruik word waarvoor kollekte gesoek word.

En was daar aangedui, as die mense nie die naam ken nie of hulle 'n ander naam moet gebruik? -- Ek kan nie sê die ander hoe hulle gekollekteer het; sover as ek gekollekteer het, het ek die naam gebruik van Congress Alliance.

Terwyl daar gekollekteer is vir Congress Alliance, was daar gekollekteer vir SACTU ook of nie? -- Alle gelde wat gekollekteer word gaan na Congress Alliance.

Kon julle wat die komitee van Congress Alliance daar gevorm het ook gaan kollekteer vir SACTU? -- Ja, want dit is een ding, Congress Alliance en SACTU is een ding.

En moes julle verslag doen oor wat julle vordering is in verband met insamelings van Congress Alliance? -- Na ons gekollekteer het was dit na hoofkantoor gestuur en hoofkantoor werk verder daarmee.

Het julle mondelings verslag gedoen aan iemand? -- Na die kollekteer het ons almal bymekaar gekom en dan word die geld saamgebring en aan die tesourier oorhandig.

Hoe laat het die vergadering die dag daar begin? -- -- Dit was op 'n Saterdag. Die Bantoewoord wat gebruik word is Muriti. Ek kan net verduidelik dit is van ongeveer eenuur die middag tot ongeveer sonder.

Hoe lank het die vergadering geduur? -- Die vergadering het nie lank geduur nie.

Ongeveer hoe lank? -- Dit is moeilik om die tyd te sê, maar ek kan daar behulpsaam wees, dit sal omtrent wees as 'n persoon nou hiervandaan wees tot by die stasie, so lank.

Weet jy hoe lank neem dit 'n persoon om hiervandaan, van die Landdroshof na die stasie te stap? -- Ek kan nie sê nie.

Voordat julle uitmekaar gegaan het was daar gesê wanneer julle weer sal bymekaar kom? -- Ja.

Wie het gesê dat daar sal 'n volgende vergadering wees? -- Ek het gevra wanneer gaan ons nou weer bymekaar kom.

Ja en toe? -- Ons het toe daar geredeneer want party is werksmense, maar op die ou end het ons toe ooreengekom om op 'n Saterdag weer byeen te kom. (3)

Die opvolgende Saterdag of 'n ander Saterdag? -- Ek dink die tweede Saterdag.

Is dit daar besluit dat die tweede Saterdag kom julle weer op dieselfde plek bymekaar? -- Die tweede Saterdag is besluit.

En het julle toe so 'n vergadering weer gehou? -- Ja.

En op die tweede Saterdag, hoe laat het die vergadering begin? -- Ook dieselfde as die vorige vergadering.

Het dit ongeveer ook so lank geduur? -- Ja.

Wie was teenwoordig op hierdie vergadering gewees? -- Die vier beskuldigdes wat ek alreeds hulle name genoem het.

En wie nog? -- Ek, Lefe, beskuldigde no.2, no.3. Die 4 beskuldigdes wat ek genoem het.

Die vier beskuldigdes, jy en Lefe? -- En Mataung. AB

En wat se vergadering was hierdie gewees? -- Congress Alliance.

En wat was bespreek op hierdie vergadering? -- Daar is ook weer bespreek of die hoofkantore al die wete gekry het wat ons besluit het hulle moet kry, dat ons moet 'n publieke vergadering hier in Pretoria kan hou, dat die regte wat ons voor gevra het, hoor hoe dit gaan, of ons dit kan regkry.

Met die tweede vergadering, waar het jy toe gewoon? -- Ek het toe by die Langham Hotel gewerk en ek het daar geslaap.

En weet jy waar beskuldigde 2 toe gewoon het? -- Ek het geweet hy het in Lady Selborne gebly.

Hoe ver is Lady Selborne vanaf hierdie plek waar julle die vergadering gehou het, min of meer? -- Ek kan nie sê nie, ek het nog nie die distansie gevat nie, ek kan nie sê hoeveel myl dit is nie.

En beskuldigde no.3, wa het hy toe gebly? -- Hy het in Pelindaba gebly.

Dit is Atteridgeville lokasie? -- Ja.

En beskuldigde no.4? -- Hy ook.

Beskuldigde no.6? -- Hy het gebly te Vlakfontein.

Moes al die lokasies verteenwoordig word op hierdie Congress Alliance vergadering? -- Moet hulle weet van die Congress Alliance?

Nee, ek wil weet of die komitee van Congress Alliance wat tot stand gekom het, of hy verteenwoordigers moes gehad het van elke lokasie in Pretoria? -- Dit is reg ja, daar was.

En het jy op enige stadium met enige van hierdie verteenwoordigers op hierdie vergadering gepraat in verband met militêre opleiding? -- Daar is niks gepraat van enige opleiding vir oorlog of iets nie.

En het jy miskien op daardie tyd kennis gedra dat persone gesoek word om militêre opleiding te ondergaan buite die land? -- Ek het gesien in die koerante dat mense uitgaan om te gaan leer, die het ek gesien.

Maar behalwe wat jy in die koerant gesien het, het hy kennis gedra dat enige organisasie wat bestaan uit Bantoes persone probeer bekom vir militêre opleiding? -- Ek het daarvan gehoor, as ek so rondgaan het ek sulke dinge gehoor dat daar mense gesoek word om weg te stuur te word om geleer te word.

Het die Congress Alliance enige belang gestel in hierdie? -- Ek kan nie so goed onthou nie, sover dit my aangaan, ja.

Hoekom sê jy die Congress Alliance het nie belanggestel in die skema nie? -- Om rede die Staat ons toelaat om ook hier te leer vir soldate, op die manier soos die Blankes opgelei word.

Wie van Congress Alliance het vir jou vertel dat Congress Alliance stel belang in die skema om soldate

NB

op te lei? -- By die SACTU organisasie as ons nou byvoorbeeld bymekaar kom dan sien ons dit is verkeerd dat die persone, die volonteers wat hulle van praat, hulle trek hulle uniforms uit, maar hulle werk is tog om te help om ons regte en alle dinge verbeter te kry. Dan sover dit my aangaan dan moet SACTU ook mense soek soos daardie volonteers.

Ja, maar was daar nou deur enige van die verteenwoordigers van Congress Alliance of SACTU gesê daar moet nou soldate opgelei word? -- Ek het gehoor hulle praat daarvan dat die tyd kom aan dat daar sal moet mense gesoek word om opgelei te word as soldate.

Wie het so gese? -- Ons, as ons by die byeenkomste kom.

En weet jy hoekom het julle toe daar gesê die tyd kom aan, julle het soldate nodig? -- Dat ons kan sien ons leier, en ons koerante word ook nie meer gepubliseer nie, dit is nou die donker.

